

Maandag 11 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:16-25; HK Sondag 10, Antwoord 28

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:18

Om in voorspoed dankbaar te wees

Om dankbaar te wees, beteken om vervul te wees met 'n *gevoel* van erkentlikheid, blydskap en waardering vir weldade of gawes wat ontvang is en geniet kan word. Egte dankbaarheid sluit verder ook die begeerte in om aan die gevoel van erkentlikheid, blydskap en waardering *uiting te gee* teenoor diegene van wie die weldade of gawes ontvang is.

Dankbaarheid is natuurlik 'n algemeen menslike deug, maar in die lewe van die ware Christen het dit 'n heel besondere betekenis verkry. Die lewe van die Christen moet gekenmerk word deur dankbaarheid teenoor God vir alles wat Hy ons geskenk het en nog skenk: kos, klere, gesondheid, huise, rus en vrede, geleenthede, deure wat vir ons geopen word en nog baie meer. Bowenal moet die Christen dankbaar wees teenoor die Here vir die groot genadeweldaad wat Hy aan ons bewys het deur ons in en deur Jesus Christus te verlos van die sonde en die ewige straf van God wat ons oor onself gebring het.

Die grondtoon van die hele lewe van die Christen wat met die Heilige Gees vervul is, moet dankbaarheid teenoor God wees. Dit gaan hier nie soseer oor afsonderlike dankbare woorde en dade nie, maar oor 'n lewenshouding, oor die feit dat die Christen 'n *dankbare mens* moet wees. Hy moet homself met alles wat hy is en het as 'n lewende dankoffer aan God toewy. Dit is ook wat Paulus bedoel as hy sê: "*Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus van julle verwag*" (1 Tess. 5:18).

Oppervlakkig geoordeel, lyk dit nie moeilik om aan die eis van ons belydenis te voldoen om in voorspoed dankbaar te wees nie. Dit lyk baie makliker as die eis om in teëspoed geduldig te wees. Tog is dit nie altyd so maklik nie. 'n Mens kan immers onopsetlik en sonder dat jy dit bedoel daartoe kom om in tye van voorspoed die Here wat alles aan ons gegee het, nie raak te sien nie en Hom te vergeet. Daarom is dit nie verniet nie dat die Here ons by herhaling teen die gevare van rykdom en vorspoed waarsku (Duet. 32:15; Mark. 10:25; Op. 3:17). Dan moet ons ook in gedagte hou dat in die geskiedenis van die genesing van die tien melaatse manne deur Jesus gesien kan word dat *ondankbaarheid* 'n openbaring van *ongeloof* is (Luk. 17:11-19). Daarom moet ons ons inspan om ons voorspoed te sien as 'n gawe van God, sodat ons Hom met ons hele lewe en ons offers sal dank.